Diversiteit en gemeenskapsinteraksie kry momentum by US

Diversiteit en gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit het vanjaar nuwe momentum gekry met die aanstelling van dr Jerome van Wyk en mnr Jerome Slamat onderskeidelik as direkteure vir dié twee portefeuljes. *Matieland* het gaan kers opsteek.

Transformasie is om ingeligte kanse te vat, en om krities te bly

"Jy kan nie mense verlei of dwing om transformasie te ondersteun nie. Dit is 'n vrywillige proses." So sê dr Jerome van Wyk, die Universiteit se Direkteur: Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering.

Graag wil hy waak teen 'n oorvereenvoudigde siening van transformasie. "Ja, ons moet beslissend na transformasie kyk, maar dit ook met omsigtigheid hanteer. So maklik word transformasie gesien as teenstellende posisies soos 'ons' en 'julle'. Vir my is transformasie - 'n kultuur van nuut dink. Ons moet herbesin oor ons sienings van enkel identiteite, byvoorbeeld swart en wit, mans en vroue. Hierdie oorvereenvoudigde sienings skep maklik die teelaarde vir byvoorbeeld rassisme en seksisme.

Sy aanstelling is vir hom 'n groot uitdaging. "Stellenbosch bly 'n kookpot van idees. Vir party mense transformeer die US te vinnig en vir ander te stadig. Ek is hier om mense te help om te verstaan waar hulle in terme van diversiteit, diensbillikheid en transformasie staan."

Dr Van Wyk sê ook dat die US aan 'n inklusiewe institusionele kultuur moet begin werk. "Dit is gesond om van mekaar te verskil, om dinge krities aan te pak, maar dan moet jy ook bereid wees om ingeligte kanse te vat, verder te gaan in jou denke en by te voeg tot die selfbemagtigende proses. Hoe oper jy is vir ander, hoe meer besef jy hoeveel ons gemeen het en hoe verskille ons verhoudings verryk."

En dis hierdie gees van eenheid in diversiteit wat van die US 'n nog groter sukses gaan maak, sê dr Van Wyk.

Prof Julian Smith, die Viserektor: Bedryf, het gesê dat dit duidelik geword het dat die institusionele benaderingswyse aansienlik behoort te verander. "Die uitbreiding van die portefeulje van Diensbillikheid na Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering, sowel as die aanstelling van 'n Direkteur, is 'n uitvloeisel van die insig dat meer daadwerklike inisiatiewe met betrekking tot versnelde diversifisering onderneem behoort te word.

■ **Lus om dr Van Wyk te kontak? Stuur e-pos na jvan wyk@sun.ac.za**

"No man is an island,"
sê nuwe direkteur van Gemeenskapsinteraksie

Foto: Hennie Rudman, SSFD

Mnr Jerome Slamat, Direkteur van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie, glo in Bob Dylan se woorde – *no man is an island, no man stands alone*.

Hierdie oortuiging én sy spesifieke agtergrond maak hom uitgeknip vir die rol as brugbouer tussen die gemeenskap en die akademie.

Hy vertel hoe hy vroeër jare as onderwyser voor die einde van die eerste kwartaal by elke kind se huis besoek afgelê het, "…om my leerders se huisomstandighede, agtergrond en die sosiale opset van hulle lewens te leer ken. Ek het ook 'n leidende rol gespeel in die Moraviese Jeugunie van Suid-Afrika, 'n jeugbeweging wat sosiale betrokkenheid hoog geskat het, sowel as in politieke bewegings van die tyd. Ek kom uit 'n arm gemeenskap - dié soort waarin daar dikwels 'n diep sin vir gemeenskap voorkom. Die min wat mense het, word gedeel. Ek dink dit het my 'n aanvoeling vir gemeenskapswerk gegee," sê mnr Slamat.

"Toe ek student was, was 'n universiteit gesien as 'n "ivory tower" - slegs teorie en glad nie relevant vir die gemeenskappe wat dit bedien nie. Daarom is ek daarvan oortuig dat 'n Universiteit 'n plek moet wees waar navorsing gedoen word oor probleme in die gemeenskap, waar oplossings vir hierdie probleme gevind word, waar studente voorberei word vir die wêreld daar buite en waar akademici, geanker in die gemeenskap, uitmuntende teoretiese raamwerke ontwikkel. Die Universiteit se kundigheidsbasis is met ander woorde juis die grond waarop sy gemeenskapsinteraksie plaasvind."

Oor mnr Slamat se aanstelling sê prof Julian Smith, Viserektor (Bedryf), dat dit deel is van die proses waardeur groter institusionele klem op gemeenskapsinteraksie geplaas word as een van die drie kernfunksies van die Universiteit. Hy voorsien dat mnr Slamat se aanstelling dit moontlik sal maak om vinniger te vorder met die nastreef van groter koherensie, beter integrasie en effektiewe gehalteversekering met betrekking tot die rolspelingsfunksie van die Universiteit.

Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie sal hulp en ondersteuning bied, byvoorbeeld met die registrasie van gemeenskapsinteraksie-projekte, met die etiek van gemeenskapsinteraksie, met skakeling tussen soortgelyke inisiatiewe en met die ontwikkeling van diensleermodules (in samewerking met akademici en die Afdeling Akademiese Beplanning).

"Met *diensleer* byvoorbeeld raak interaksie met die gemeenskap 'n volwaardige, kredietdraende deel van 'n student se kurrikulum, wat baie belofte inhou vir die holistiese opvoeding van ons studente. Ek sal graag wil sien dat die Universiteit homself vestig as 'n leier in diensleer in ons land," sê mnr Slamat.

■ **Kontak mnr Slamat by jaslamat@sun.ac.za**.